N.G. Gemeente Weltevreden

Afkondigings
27 Maart 2011

VANDAG: 27 Maart

Kerk:	08:00 & 10:00	Ds. Hansie Breedt
Musiek:	*08:00*	*Christo Bezuidenhout*
	10:00	*Gideon Rademeyer*
Kix-Kerk: (Gr 1-6)		GEEN, a.g.v. skoolvakansie
Kategese vir G 1-6:		GEEN, a.g.v. skoolvakansie
Kapel:		GEEN, a.g.v. skoolvakansie
Kategese: (Gr 7-11)	17:30	GEEN, a.g.v. skoolvakansie
Kapel:	19:00	Hanno Langenhoven
Musiek:		*Gideon Rademeyer*

VOLGENDE SONDAG: 3 April (Doop)

Kerk:	08:00 & 10:00	Ds. Kobus Sandenbergh
Musiek:	*08:00 & 10:00*	*Christo Bezuidenhout*
Kix-Kerk: (Gr 1-6)		GEEN, a.g.v. skoolvakansie
Kategese vir G 1-6:		GEEN, a.g.v. skoolvakansie
Kapel:		GEEN, a.g.v. skoolvakansie
Kategese: (Gr 7-11)	17:30	GEEN, a.g.v. skoolvakansie
Kapel:	19:00	Prof. Nelus Niemandt
Musiek:		*Gideon Rademeyer*

Kapeldiens Donderdae afgesluit vir die skoolvakansie.

Bybelstudies

Kom tydens die skoolvakansie bymekaar soos onderling gereël.

Paasfees 2011

Heilige week (18 – 21 April) is die week voor Goeie Vrydag. Gedurende daardie week word daar elke aand 'n Kapeldiens gehou om 19:00. Op Goeie Vrydag, 22 April, vier ons Christus se kruisiging met Nagmaal om 08:00 & 10:00. Op Sondag 24 April vier ons Sy Opstanding met eredienste om 08:00 & 10:00. Geen aanddiens op Paassondag nie.

VIER EN ERVAAR LEWE

Lief & Leed

Diensleraar hierdie week:-
Ds. Hansie Breedt
011 475 0475 / 082 455 5035

Barnabas diensbeurt hierdie week: Rita Redelinghuis 011 678 9154 / 082 900 0413
Jy kan ook vir Alda Boer (Direkteur Versorging) kontak op 011 475 1597 / 083 261 2700.

- Marie-Louise Pansegrouw (076 899 7135) is in ‘n rehabilitasie sentrum waar sy aansterk na beroerte.
- Truia Bornman (011 675 2326) se seun Niekie ontvang behandeling vir kanker en kry baie swaar.
- Annatjie Erasmus (082 817 7234) het longkanker en ontvang nuwe behandeling.
- Kerry Teunen (082 959 2225) is in Flora kliniek vir kanker behandeling.
- Karen Verrynne (082 468 7466) se ma is ernstig siek.
- Mientjie Woodley (011 795 3057) begin binnekort weer met bestraling.
- Robert Whiteley (082 945 0024) se vrou Theresa sterk aan na ‘n baie groot operasie.
- Gert Viviers sterk aan na ‘n rug operasie. Sy vrou is Lettie (011 672 6403 / 072 665 2174)
- Pikkie du Toit (083 565 6840) en Paula Carstens (082 852 8242) se ma wat in Waterval Village woon, het geval en haar heup gebreek en toe 'n beroerte gehad.
- Alida Labuschagne sterk aan na ‘n operasie. Haar man is Theuns (011 958 1360 / 084 285 2526)
- Gerrie Schütte (011 958 1331) ontvang behandeling vir kanker. Sy vrou is Kobie.
- Ben Greyling (011 675 1965 / 083 442 1187) ondergaan toetse.

Dagboek

- **Silwerhoekie –** ons pak klere uit en merk items klaar vir Saterdag se verkoping. In die Groot saal vanaf 08:00 op Donderdag 31 Maart en Vrydag 1 April.
- **Silwerhoekie 2de handse verkoping op 2 April vanaf 06:30**. Ons kom reeds vanaf 06:00 in die saal bymekaar.

2 APRIL moet julle op die almanak in rooi omkring en dit asseblief onder julle huishulpe se aandag bring.

Dis ons “JUMBLE SALE” – sorg dat tuinwerkers dit ook weet:

Vroegdag 6.30 is ons in DIE GROOTSAAL vir klante gereed.

Ons waarborg om groot waarde vir hulle geld te gee.

Moedig hulle aan om dit gerus by ons te kom bestee.

Baie dankie! – Die Silwerhoekie

VIER EN ERVAAR LEWE

Mosambiek Jeug-Uitreik

Dié Uitreik vind 2-9 April plaas. Enige bydraes bv. kontant, beskuit, koekies sal waardeer word.

Koskas

Ons gee tans 120 kospakkies per week uit (dit beteken 240 – 360 verskillende persone per maand) waarvan die koste R4000 per week is. Indien jy met hierdie aksie kan help, sal enige kontantbydrae waardeer word. Merk jou bydrae net duidelik as koskas.

Dienswerk

Daar is baie gebiede waar nood is of hulp verleen kan word. Indien jy van so iets bewus is, kontak asb.vir Alda Boer by 011 475 5510 / 083 261 2700.

Daar is reeds verskeie diensgroepe in die gemeente. Indien jy by enige van die groepe betrokke wil raak of net wil sien wat gedoen word, kontak asb die persoon wat dit koördineer.

* Voorbereidings vir funksies bv. koppies regsit, versierings, opruim, opwas en teeskink op Sondae tydens gemeente gesellighede, kontak Linda by die kerkkantoor 011 475 5510
* Begrafnisse (teeskink en/of broodjies maak), kontak Linda by die kerkkantoor 011 475 5510
* **Erediens-hulp op 'n rotasie basis** (bv. groeters, kollektering, plekaanwysers) – kontak Linda – **ons benodig weer mense wat by hierdie groepe kan aansluit.**
* Blombeurte, kontak Linda 011 475 5510
* Spyseniering van tyd tot tyd, kontak Linda 011 475 5510
* Vervoer van senior lidmate na dokters, eredienste, kontak Alda 011 475 5510
* Verskeie Barmhartigheidsake bv. Barnabas, Kinderhuise, Cosmo City kleuterskool, Sandspruit kliniek, Jan Hofmeyer kleuterskool en vele meer. Kontak Alda Boer by 011 475 5510 / 083 261 2700.
* **Sandspruit kliniek:** Die kliniek waar ons melk voorsien vir babas van Mamma's met vigs, word in 'n "Container" gehou. Dié dak lek en ons het iemand nodig om dit te herstel. Kontak asb vir Alda Boer @ 083 261 2700.

Ander

- Vir die **opgradering van ons lidmaatregister** het ons alle belydende- en dooplidmate se ID nommers nodig. E-pos asb na skriba@ngweltevreden.co.za of bel vir Christa by die kerkkantoor 011 475 5510. Maak asb. ook seker dat alle ander kontakbesonderhede reg is.
- Ons Gemeente beskik oor **mediese hulpmiddels**, bv. rolstoele, krukke, ens wat deur gemeentelede gebruik kan word. Kontak asb. die Kerkkantoor indien jy so iets benodig.
- Het jy geweet dat NG Weltevreden ook deel is van 'Facebook'? Gaan besoek gerus ons bladsy en word deel van die groep. Hier kry jy vars nuus en word op hoogte gehou van alles wat in die gemeente gebeur!
- www.ngweltevreden.co.za - besoek gerus die webblad vir meer inligting oor die gemeente!
- Wil jy graag die WEEKLIKSE nuusbrief ontvang per epos? Stuur gerus jou eposadres aan: bemarking@ngweltevreden.co.za Die Weltenuus word elke Woensdag uitgestuur.

Baie welkom aan die volgende belydende lidmate:-

Yolandie Oosthuizen (nou Kotze)	Port Elizabeth Sonheuwels
Louis Phillipus Swanepoel	Triomf

VIER EN ERVAAR LEWE

➡ French Vanilla, ons EIE koffie- en geskenkwinkel ⬅

Dinsdag tot Sondag. Kom koop julle geskenke en drink 'n lekker cappuccino. Bespreek gerus vir etes / spesiale tee, ens. vir twee en meer persone by Jan Swart (084 383 9033).

Vir enige elektroniese betalings kan die volgende Bankbesonderhede gebruik word. NG Weltevreden, ABSA Northcliff (Takkode: 334 705) Reknr: 730 580 460
Verwysing: Naam + Van + Waarvoor

PARKERING by NG WELTEVREDEN:

U word vriendelik versoek om asseblief nie op enige van die rybane te parkeer nie.
Aangesien daar heelwat gestremde persone en ander wat moeilik loop in die gemeente is, word die parkering voor die kerk en naby die Kapel vir hulle gereserveer.

VERKEERSVLOEI:

Indien jy die terrein op 'n Sondag agter om ds Kobus se pastorie verlaat, maak asb gebruik van die ONDERSTE hek om uit te ry.
Ter wille van verkeersvloei en die veiligheid van voetgangers word daar nà elke erediens kegels op die draai by die ringmuur gepak. Die groot terrein se verkeer kan dan bo uit ry en die van die onderste terrein by die onderste hek.

Ons ondervind Telkom probleme wat veroorsaak dat persone sukkel om na die Kerkkantoor deur te kom. Hiermee alternatiewe nommers: 011 475 1597 / 475 0370 / 675 1095

Opera Africa bied aan:

Carmen van Bizet in die Mandela teater op 1, 3, 6 & 8 & 10 April. Bespreek by Computicket. Alle vertonings begin om 20:00 buiten die middagvertoning op die Sondag wat om 15:00 begin.

VIER EN ERVAAR LEWE

Tydens die sitting van die Algemene Sinode se Moderamen (ASM) op 10-11 Maart 2011 te Kempton Park, is die aangehegte skrywe aan die 10 sinodes van die Ned Geref Kerk eenparig deur die verteenwoordigers van die sinodes en ander lede van die ASM goedgekeur. Die bedoeling hiervan is om 'n boodskap van aanmoediging te stuur aan ons lidmate om

deel te neem aan die Munisipale Verkiesings op 18 Mei vanjaar.

11 Maart 2011

Die komende munisipale verkiesing in ons land stel aan ons as burgers van Suid-Afrika weereens die volgende voorreg en uitdaging: om deur middel van ons individuele stemme die gang van die ontwikkeling van ons land se geskiedenis te bepaal. Dit is ons reg, maar ook ons plig, om daarmee die só verkose plaaslike regering te vertrou met die verantwoordelikheid van die bestuur van die plaaslike gemeenskap.

In die komende verkiesing sal die Suid-Afrikaners die reg hê om te stem vir beide 'n bepaalde politieke party, asook 'n individuele kandidaat wat 'n bepaalde wyk verteenwoordig. Daarom moet ons as lidmate ons stem deurdag en met groot wysheid uitoefen, om toe te sien dat ons stede en dorpe bestuur sal word deur eerbare, bekwame mense. Hulle moet die

integriteit hê om almal se belange op die hart te dra, veral sover dit die armes en die weerloses onder ons, diegene wat vasgevang is in 'n armoedekultuur, aangaan.

Die stemming vir 'n plaaslike regering bring ons as burgers se konstitusionele reg nader aan ons voordeure; op voetsoolvlak waar ons elke dag skouer skuur.

• Dit gaan hier oor dienslewering,

• Dit gaan hier oor infrastruktuur,

• Oor hoe ons elke dag met mekaar leef in 'n bepaalde geografiese konteks.

Hierdeur bepaal ons direk ons toekoms in hierdie land, individueel, maar dan ook deur die proses, kollektief.

Daarom moet ons onsself die volgende soort praktiese vrae afvra:

• Is ons strate skoon en veilig?

• Het ons almal toegang tot die basiese dienste van 'n normale huishouding (water, elektrisiteit, vullis-verwydering, gesondheidsorg, ens)?

• Hoe word omgesien na die armes en kwesbares in ons gemeenskap?

• In watter mate word al die sektore van die plaaslike gemeenskap doeltreffend betrek by die ontwikkeling van die dorp/stad en al sy mense?

• Hoe lyk die gemeenskaps-ontwikkelingsprogramme van die plaaslike owerheid en -

• In watter mate sal die mense op die nominasielys uitvoering gee aan hierdie behoeftes?

VIER EN ERVAAR LEWE

Die antwoord op hierdie vrae, behoort ons te help om te weet waar om ons kruisie te trek. Dit is ons demokratiese reg. Dit is ons konstitusionele reg – ook om aktief daarvoor te organiseer.

Heel waarskynlik leef van ons in 'n gebied waar ons oorweldig voel deur die meerderheidsparty se verteenwoordiging. Ander van ons leef dalk in 'n gebied waar die uitslag nie so voor die hand

liggend is nie. In alle gevalle moet ons daarom ons tweede stem, naamlik vir onafhanklike wyksverteenwoordigers, baie ernstig opneem.

'n Hele paar praktiese vrae is waarskynlik in hierdie verband relevant:

• Hoe het jou huidige wyksraadslid hom/haar van sy/haar taak gekwyt om die belange van die totale gemeenskap doeltreffend op die hart te dra?

• Het hulle gereeld vergaderings met die wyk gereël?

• Het julle gereeld inligting ontvang as kieser in 'n bepaalde wyk van die projekte rondom ontwikkeling van die infrastruktuur en/of dienste?

• Leef/woon hy/sy binne die wyk wat hulle verteenwoordig?

• Is die name op die kieserslys mense wat bekend is vir hulle gemeenskapsbetrokkenheid en kundigheid? Kan 'n mens daaroor inligting bekom?

• Was van hulle betrokke by korrupsie of twyfelagtige transaksies?

Die antwoorde op hierdie soort vrae behoort vir ons 'n aanduiding te gee waar ’n mens op 'n verantwoordelike wyse jou kruisie kan trek.

Ons moet dus verstaan dat ons werklik hier 'n praktiese verskil kan maak aan die kwaliteit van ons lewens in en rondom ons huise. Daarom is dit so 'n groot verantwoordelikheid ten opsigte van ons en ons kinders om vir ons 'n goeie toekoms te beding in hierdie land.

Ons as Gereformeerdes verstaan ons Christelike roeping so dat ons God se heerskappy moet soek en bevorder op elke terrein van die samelewing. Met vanjaar se plaaslike verkiesing kan ons verder hieraan praktiese uitvoering gee. Laat ons nie net as 'n geloofsgemeenskap saam met ons mede-burgers stem nie, maar ook saam bid vir 'n vreedsame en geseënde uitkoms van hierdie verkiesing op hande. Daarom kan ons ook gelowig en biddend die oploop, die verloop en die afloop van hierdie verkiesing in die hande van God plaas.

Vriendelike groete

Die Moderamen van die Algemene Sinode van die NG Kerk

(in sitting 10-11 Maart 2011).

VIER EN ERVAAR LEWE